

23 Januarie 2014

Skrifgedeelte: Lukas 24:13-35
Fokusgedeelte: Lukas 24:26

Christus se lyding en sterwe was noodsaaklik vir ons verlossing

Ons fokusvers is 'n vraag wat Christus aan die Emmausgangers stel. *Moes Christus nie hierdie dinge ly en sy heerlijkheid ingaan nie?* Die antwoord: *Ja, beslis!* Hoekom? Christus verduidelik dit baie mooi aan hierdie twee terwyl hulle op pad is.

Die volgelingen van Christus is verward en onseker en vol hartseer. Die Man wat hulle so gevolg het en na geluister het, is gekruisig. Die Man wat hulle gedink het die Messias is en wat hulle van 'n gewisse dood sou red, is volgens hulle nie meer daar nie. Hy is al drie dae dood en hulle het gesien hoedat Hy gekruisig is.

Wat nog meer verwarring veroorsaak, is die feit dat daar nou getuienis gekom het dat Hy opgestaan het, of ten minste dat sy liggaam nie meer in die graf is nie. Daar was 'n engel by die graf wat aan vrouens vertel het dat Hy lewe. Hierdie twee manne staan met somber gesigte en kan nie glo dat hier iemand is wat nog nie gehoor het wat gebeur het nie. Dit was so te sê voorbladnuus. Hoe kan Hy dan nie weet nie?

In alle waarskynlikheid sou hulle verbaas gewees het oor die reaksie van Jesus. "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees!" Dan die vraag in vers 26. Hierdie is dan die pad wat Christus moes loop. Dit was 'n noodsaaklikheid, en om dit illustreer, het Hy by Moses begin en alles wat in die Ou Testament geskrywe is oor Hom, vir hulle uitgelê.

Die lyding en sterwe was 'n noodsaaklikheid vir Hom om sy heerlijkheid in te gaan. Dit is iets wat Christus op hierdie stadium reeds beleef. Verder moet Hy nog sy volgelingen ook verseker dat Hy opgestaan het.

Wat 'n troos en 'n verligting. Net toe hulle dink alles is verlore, is die verwagting oortref met die opgestane Christus. Dit het Hy gedoen sodat hulle, en daarmee saam ek en jy, almal die heerlijkheid saam met Hom kan ingaan en elkeen die ewigheid saam met Hom beleef, as sy verlore kinders.

Sing: Psalm 9:1, 2, 7

Ds. N (Neville) Boy Thabazimbi